

## HOOFSTUK VIII

### Die invloed van motivering op die prestasies

In die volgende hoofstuk word duidelik uiteengesit hoe die versamelde gegewens verwerk is. Voordat die verskille tussen die Blankes en die Bantoes in die verskillende toetsnommers bespreek kan word, moet eers aangedui word hoedat daar te werk gegaan is om die invloed van motivering op die prestasies van die Bantoes te bepaal.

Ondersoekers soos Henry, Munro, Fairclough, Howell, Hipple en Burke (153:25-28), het aangetoon dat motivering die prestasie in n baie groot mate beïnvloed. Dit was derhalwe nodig om vas te stel of verskillende metodes van motivering nie die prestasies van die proefpersone in hierdie ondersoek sou beïnvloed nie.

Soos in Hoofstuk VI by die bespreking van die instruksies vir die afneem van die toets aangedui is, is die proefpersone vooraf baie duidelik oor die doel van die ondersoek ingelig. Elke proefpersoon het vrywillig aan die toetse deelgeneem. Aangesien daar sover as moontlik gepoog is om twee of meer persone gelyktydig te toets, was daar altyd n element van wedywing tussen die proefpersone. Die proefnemer het hierdie element sover as moontlik aangewakker. Waar nodig, het die proefnemer dikwels self met die proefpersone gekompeteer ten einde aan hulle soveel aanmoediging as moontlik te gee.

Om egter te verseker dat die wyse van motivering, veral ten opsigte van die Bantoes, doeltreffend was, is n groep van dertig Bantoes ook geldpryse vir goeie prestasies in die toetse aangebied. Hierdie groep van dertig Bantoes was arbeiders van die Hartbeesfontein Gold Mining Company. Die geldpryse was redelik hoog en het gewissel van 50 sent tot R10. Die Bantoes het as n groep deelgeneem. Ten einde onderlinge wedywing aan te moedig, is n geldprys van 50 sent aan die wenner in elke toetsnommer aangebied.

Die groep proefpersone kon in al die toetsnommers, behalwe die optrekke aan die rekstang en die 2662/3 tree-wisselloop, soveel pogings aanwend as wat hulle verkies. Die beste poging is getel. Die prestasies waarvoor die prysgeld aangebied is, is redelik hoog gestel, dog nie buite die prestasiemoontlikheid van die proefpersone nie. Vir twintig optrekke, 500 lb. in rugkrag, 110 duim in standverspring, tien sekondes in die sestig tree-wisselloop, tagtig sekondes vir die 2662/3 tree-wisselloop en vir 27 voet met die gewigstoot is R10 aangebied.

In al die toetsnommers behalwe die twee hardloopnommers kon elke proefpersoon sy eie prestasie sien en dan kon hy daarop probeer verbeter. In die twee hardloopitems is die werking van die stophorlosie, naamlik dat hy begin loop sodra die knoppie gedruk word en weer stop sodra die knoppie weer gedruk word, aan die proefpersone verduidelik en gedemonstreer. Die metode vir die afneem van die tyd is breedvoerig verduidelik. Wanneer 'n proefpersoon die hardloopitems moes aflê, is die stophorlosie sodanig gehou dat die ander proefpersone kon sien wanneer die horlosie begin loop en wanneer dit weer gestop word.

Hierdie voorsorgmaatreëls is getref ten einde die vertroue van die proefpersone te behou en sodat hulle duidelik kon sien dat hulle nie gekul word nie.

Ten einde die belangstelling verder te prikkel is die prysgeld in byvoorbeeld die standverspring en die gewigstoot op die betrokke afstande geplaas.

Die proefnemer is daarvan oortuig dat die belangstelling en samewerking van die proefpersone op hierdie wyse heelhartig was. Dit blyk daaruit dat meeste van die proefpersone talle pogings in die verskillende toetsnommers aangewend het en ook verder daaruit dat van die Bantoes wat die toetse op vorige dae gedoen het, versoek het om weer eens getoets te word. Hulle wou egter slegs sekere toetsnommers aflê en is daartoe toegelaat, dog hulle prestasies kon nie by die berekening van die gegewens in ag geneem word nie.

Die gegewens van die dertig Bantoes is afsonderlik verwerk en met die Bantoe-gemiddeld vergelyk. Die twee groepe was wat liggaamslengte en liggaamsgewig betref, vergelykbaar. Ek kon geen verbetering in die gemiddelde prestasie van die sterk gemotiveerde groep oor die Bantoe-gemiddelde vind nie. Op grond van hierdie bevinding kan aangeneem word dat die Bantoes op grond van die instruksies soos in Hoofstuk VI uiteengesit is, hulle beste prestasies gelewer het.

Skrywer is daarvan oortuig dat die motivering in die geval van die Blanke voldoende was om die beste prestasies te verkry.

In die volgende hoofstuk sal die metode waarvolgens die gegewens verwerk is, bespreek word.